

**1 Junie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:16-19**

### **Gebed om inwoning van Jesus Christus...**

Die apostel Paulus bid hier vir besondere dinge:

Eerstens word voorbidding gedoen dat die Heilige Gees my innerlike krag gee. Ek kom te staan voor 'n krisis, ek verloor my werk ... Op my eie kan ek nie deur dié soort krisistye kom nie; daarom bid ek dat God deur sy Heilige Gees aan my die innerlike krag sal gee. Uiterlik kan ek sterk wees, maar innerlik is ek stukkend. Die Heilige Gees gee my krag om op te staan.

Die tweede bede is dat Christus in ons harte sal woon. Jesus Christus is die een wat alles vir ons kom doen het. Ons kan Hom egter net volg as Hy in ons harte woon. Die pad van Christus se inwoning in my is deur die geloof. Deur die Heilige Gees kry ek die begeerte om die kennis uit die Skrif op te doen, om 'n vertrouwe in God die Vader te kry en om dan noodwendig die vrugte van die geloof te dra.

Die derde bede is dat ons in die liefde van Christus gewortel sal wees. Jesus Christus is die bron van ons behoud. As ek ontworteld voel omdat ek nie liefde by mense en die wêreld kry nie, kan en moet ek net vashou aan Christus se liefde. Bid daarom dat jy diep gewortel en gegrondves word in die liefde van Christus en jy sal dit regkry om sterk te staan.

Die vierde bede is dat ons vervul word met die volheid van God. Ons het ook gewone dinge nodig om van te lewe, soos brood. Die woorde *vervul* en *volheid* dui letterlik op 'n houer wat druppel vir druppel voller gemaak het. Nou is die gebed dat die Here jou lewe voller en voller sal maak. Volhard daarin en glo dat die Here aan jou gee volgens sy tyd en wil.

*Sing: Psalm 105:5 Ds J van Schaik (Ermelo)*